TIENDE DANKOFFERMAAND

2 NOVEMBER 2025

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | MET MY HELE HART | PSALM 32




Ek is ’n uiters merkwaardige sondaar, maar ek het tot die Here geroep vir genade en barmhartigheid, en dit het my volkome omvou. Ek het die soetste vertroosting gevind sedert ek dit my hele doel gemaak het om in Sy wonderbaarlike teenwoordigheid te verkeer.

**- CHRISTOPHER COLUMBUS**

# 10DE MAAND DANKOFFERFEES

## BLOKKIESRAAISEL

**Het jy al ooit gewonder oor 'n Tiende Dankoffer en hoekom jy dit moet gee na jy jou kollekte en maandelikse dankoffer ook gegee het? Hopelik breek hierdie blokkiesraaisel vir jou 'n paar beginsels oop.**




1. **Dit is 'n voorreg om 'n ...(7)... rol te speel in die uitbreiding van die koninkryk.**
2. Dit is 'n ...(10)... en blymoedige reaksie op die talle seëninge wat ek reeds ontvang het.
3. Dit is 'n ...(9)... dat alles uiteindelik van God af kom.
4. Ek erken dat Hy die bron van alle ...(11)... is.
5. Dit is my manier om ...(6)... te sê vir genade.
6. Hierdie daad is 'n praktiese ...(11) .... van my geloof dat my Skepper my voorsiener is.
7. Die daad is 'n uiting van opregte ...(12)...
8. Ek plaas my ...(10)... afhanklikheid op Hom en vertrou dat Hy vir my sal sorg.
9. Deur my tiende dankoffer word ek 'n ...(10)... om lig en hoop te versprei.
10. Dit is nie 'n manier om God se guns te ...(4)... nie.
11. Die tiende dankoffer ...(10)... die werk van die kerk en die verspreiding van die evangelie.
12. Dit help om ...(10)...raak te sien en barmhartigheidswerk te doen.
13. Hierdie ...(5)... bring my hart nader aan God.
14. Dit bevry my van ...(14)... en beheer.
15. Die besluit om 'n tiende dankoffer te gee, is meer as 'n finansiële transaksie, dit is 'n ...(11).

**Antwoorde :**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Aktiewe | 2. Vrywillige | 3. Erkenning | 4. Voorsiening |
| 5. Dankie | 6. Bevestiging | 7. Dankbaarheid | 8. Finansiële |
| 9. Deelgenoot | 10. Koop | 11. Ondersteun | 12. Behoeftiges |
| 13. Offer | 14. Geldgierigheid | 15. Geloofsreis | |

# 10DE DANKOFFER-MAAND

Ons vier elke jaar ons 10de maand dankofferfees in November. Dis in hierdie maand en tyd van die jaar waar ons vir jou vra om te oorweeg om iets bo-en-behalwe die gewone te gee.

Ons gee om ons afhanklikheid van die Here te bely, dat alles wat ons ontvang van Hom af kom en dat ons daarmee geseën is. Dis ‘n manier om dankie te sê. Ons belê ook daardeur in die Koninkryk en besef weer dat ons ‘n vennoot van God is om Sy Koninkryk al hoe meer te laat kom en uit te bou in die wêreld.






# VOORSTE DEURE MAAK 09:05 TOE

Ons wil van hierdie Sondag vra dat indien jy na 09:05 by die kerk aankom, dat jy asb gebruik sal maak van die sy-deure aan weerskante van die kerk.

Ons gaan die hoofdeure toemaak om 09:05 sodat die ouerkamer ‘n veilige ruimte is vir die kinders en ouers wat daar sit en speel gedurende die diens.

Dankie vir julle samewerking hiermee.

# NAGMAAL

Ons vier weer Nagmaal saam hierdie Sondag, **2 November**. Die kinders bly in vir Nagmaal en gaan eers na Kinderkleingroepe nadat ons Nagmaal saam as gesinne gevier het. Gesels solank met jou kinders daaroor en neem tyd om self voor te berei vir hierdie sakrament.



# BAIE GELUK ANNELIE

Annelie Dell is ons finasiële beampte en sy verjaar Woensdag, 5 November.

Annelie, baie geluk met jou verjaarsdag. Mag dit 'n wonderlike dag en geseënde jaar vir jou wees. Mag jy die Here se nabyheid ervaar in elke oomblik van die nuwe lewensjaar. Dankie vir alles wat jy vir die gemeente doen en beteken. Ons waardeer jou menswees! Jy doen altyd soveel meer as wat van jou verwag word en ons waardeer jou ongelooflik baie.





# BESOEK AAN RUSOORD

Die **Kinderkleingroepe** gaan weer vir Rusoord besoek hierdie Sondag, **2 November**. Dit gebeur **direk na die erediens**. **Ouers is welkom om saam te gaan**. Rusoord is deel van ons gemeente en dit bly 'n voorreg om by hulle betrokke te wees! Op hierdie manier bring ons ook alle generasies bymekaar vir saam kuier!

***Sondag, 2 November, na die Erediens. Kinderkleingroepe gaan voort gedurende die diens.***

# ACVV VRA VIR LEË GLASHOUERS

ACVV Noorder-Paarl vra asb vir enige leë houers (koffie, agurki, mayonnaise of chutney) wat jy dalk by die huis het of wat jy kan bymekaar maak en by die ACVV Noorder-Paarl kantoor kan afgee. Hulle sal dit baie waardeer. Hulle maak hierdie houers reg deur die jaar bymekaar. Kontak vir Anna-Marie in die kerkkantoor vir meer inligting.



# DIEP & VER KERSFEES 2025

As deel van Toringkerk se gemeenskapsbediening wil ons graag vir Kersfees aan die gesinne wat deur NFC bedien word, geskenkpakkies gee. Daarvoor benodig ons:

– enige nie-bederfbare kosprodukte
– snoeperye soos koekies, lekkers, ingelegte vrugte, jellie, vla, ens
– toiletware, skoonmaakmiddels of enige ander huishoudelike artikels.

Houers sal vir die volgende paar weke in die voorportaal wees waarin produkte geplaas kan word. Bydraes word opreg waardeer.
***Kontak Hannetjie Lotz (0836501860) vir verdere inligting.***





# BORGE VIR KALENDER 2026

Kan jy glo ons is alreeds besig met ons beplanning vir 2026 en die kalender is ook alreeds in wording.

Ons probeer om elke maand in die kalender (en TK Nuus) geborg te kry om die koste van die kalenders af te bring vir die gemeente aangesien dit iets is wat ons graag vir elke lidmaat wil gee. 'n Maand se borg kos R1500.

***As jy 'n maand in die kalender (en TK Nuus) wil borg, kontak asb vir Anna-Marie in die kerkkantoor so gou as moontlik.***

# STEFAN VERBLYF 2026

Stefan Smit is ons teologie student wat volgende jaar sy Gemeentejaar by Toringkerk doen. Ons is baie opgewonde en sien uit om deel te wees van hierdie finale vorming voor hy predikant word.

Hy benodig behuising in die Paarl vir die jaar so as daar enigeen is wat weet van bekostigbare behuising (tuinwoonstel, koshuisvoogd) laat weet asb vir Peet of Jana.

Dankie dat ons jou kan vra om jou oor op die grond te hou in die verband!



# DRAKENSTEIN HOU KARNAVAL

Ons dogter-gemeente, Drakenstein, hou Karnaval en dit gebeur in ons eie kerksaal. Dit begin so 09:00 en gaan aan tot 18:30.

Daar is 'n klomp lekkernye en ook 'n tee-tuin so gaan eet en drink 'n ietsie daar as jy in die omgewing is Vrydag!







# SIMONDIUM BASAAR

Ons vriende by Simondium Familiekerk hou Saterdag basaar. Dit gebeur op hulle terrein op die Simondiumpad skuins oorkant Vrede en Lust Wynplaas.

Dit begin om 10:00 en gaan aan tot laat of tot alles uitverkoop is.

Al jou gunstelling basaar-goed gaan daar wees so maak 'n draai daar!

# RUSOORD KERSMARK

Rusoord, ons gemeente se ouetehuis, hou Kersmark op **Saterdag 8 November van 09:00** af. Daar is iets om te eet, handewerk goedjies en nog meer.

Daar gaan beslis iets wees wat jou kers-inkopies hierdie jaar makliker kan maak so moet dit nie mis nie.



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

# Tk dagboek

## DIE DATUM



**23 NOV**

### KERSSANG-DIENS

Toringkerk | 19:00



**30 NOV**

### FAMILIE AFSLUITINGSFEES

Toringkerk | 09:00



**25 DES**

### KERSDIENS

Toringkerk | 08:30



**18 JAN**

### WELKOM TERUG

Toringkerk | 09:00

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

2 Nov Jan Louw
2 Nov Lina Nel
2 Nov Vickie van Schalkwyk
3 Nov Andries Burger
4 Nov Johan Basson
4 Nov Rudi Perold
4 Nov Stefanie Werth
5 Nov Annelie Dell

5 Nov Piet Dyason
5 Nov Mika Human
5 Nov Mariska Wiggins
6 Nov Jaco Bronn
6 Nov Lalla Calitz
6 Nov J.D.(Jydee) Germishuys
6 Nov Jandré Hanekom
6 Nov Neil Hoffmann

6 Nov Jaco Pretorius
6 Nov Megan Victor
6 Nov Danial Waters
7 Nov Annie la Grange
7 Nov Corné Van Tonder
8 Nov Zetha Baartman
8 Nov Elsa Klompje
8 Nov Daniël Smit

# KINDERS & JEUG

**KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)**

Kinderkleingroepe hierdie Sondag. Ons besoek Rusoord.

**KRUISCONNECT (GR. 8-10)**

KruisConnect weer Sondag - van na die diens tot 11:00.

**TIENERKERK (GR. 7-12)**

Tienerkerk gaan voort Dinsdag om 19h00.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 2 Nov**
Rom. 14:7-15

**MAANDAG, 3 Nov**
Jes 40:1-5

**DINSDAG 4 Nov**
Joh. 6:67-69

**WOENSDAG, 5 Nov**
Luk. 6:46-49

**DONDERDAG, 6 Nov**
Jes. 60:1-7

**VRYDAG, 7 Nov**
Heb. 10:10-14

**SATERDAG, 8 Nov**
Ex. 14:5-31

**SONDAG, 9 Nov**
2 Tess. 3:1-5

# DEURKOLLEKTE

## TIENDE DANKOFFER

Novembermaand is ons gemeente se maand van dankbaarheid. Dit is in hierdie tyd waar ons bo en behalwe ons normale dankoffer iets ekstra, uit danbaarheid vir ons seëninge, gee. Hierdie bydrae speel 'n belangrike rol om die bedieninge in ons gemeenskap moontlik te maak.

# RUSOORD EREDIENS

## SONDAE IN RUSOORD SE KAPEL OM 10:30

Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek help met hierdie bediening.

# KALENDERBORG: NOVEMBER




# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

### TERREINKOöRDINEERDER


Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### AFLOSKOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TORINGKERK INLIGTING

Gebruik die QR kode hieronder om deel te raak van die Toringkerk Whatsapp gemeenskap en om die afkondigings op jou foon te kry.



# OFFERGAWES

## OFFERGAWES,MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

**TORINGKERK ZAPPER**

# TK WHATSAPP

## TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN BLY IN KONTAK METJOU TORINGKERK GEMEENSKAP VIA WHATSAPP

**TORINGKERK WHATSAPP GROEP**

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.